**<u>Sondag 19 Junie 2022</u>**

**<u>Tema: Om jou Pa se stem te ken.</u>**

Goeiemôre en hartlik welkom vanoggend

Vandag is Vadersdag. Ons wil graag vir elke Pa**<u>, Oupa ens. gelukwens. Ons hoop dit is 'n dag gevul vol ononderbroke sport op die TV</u>**, die bykosse wat reg is wanneer die vleis gaar is, genoeg biltong en natuurlik '**<u>n stil huis vir die middagslapie...</u>**

Vandag lees ons saam vanuit 1 Konings 19.

1. Agab het vir Isebel vertel wat Elia alles gedoen het, ook dat hy al die profete om die lewe gebring het.
2. Toe het Isebel 'n boodskapper na Elia toe gestuur om vir hom te sê: "Mag die gode my om die lewe bring as ek nie môre teen hierdie tyd met jou gemaak het soos jy met die profete nie."
3. Elia het bang geword en ter wille van sy lewe gevlug. Toe hy by Berseba in Juda kom, het hy sy slaaf daar agtergelaat.
4. Hy self het egter 'n dagreis ver die woestyn in gegaan. Daar het hy onder 'n besembos gaan sit en gewens hy gaan dood. Hy het gesê: "Nou is dit genoeg, Here! Neem my lewe, want ek is niks beter as my voorvaders nie."
5. Toe gaan hy lê en hy het daar onder die besembos aan die slaap geraak. Toe hy hom weer kom kry, skud 'n engel aan hom en sê: "Word wakker! Eet!"
6. Toe hy opkyk, sien hy by sy kop roosterkoek wat op warm klippe gebak is, en 'n kruik water. Hy het geëet en gedrink en weer gaan lê.
7. Die engel het 'n tweede keer aan hom geskud en gesê: "Word wakker! Eet! Anders sal die pad vir jou te lank word."
8. Toe staan hy op en hy eet, en deur die krag van die kos kon hy veertig dae en veertig nagte lank loop tot by Horeb, die berg van God.
9. Hy het in 'n grot ingegaan en die nag daar deurgebring. Toe het die woord van die Here tot hom gekom en vir hom gesê: "Wat maak jy hier, Elia?"
10. Hy antwoord toe: "Ek het my met hart en siel gewy aan u saak, Here, Almagtige God. Die Israeliete het die verbond met U verbreek. Hulle het u altare afgebreek en u profete doodgemaak. Net ek alleen het oorgebly, en hulle soek my om my ook om die lewe te bring."
11. Maar die Here sê vir hom: "Kom uit, en gaan staan op die berg voor My, die Here, Ek wil verbygaan." Skielik was daar 'n baie sterk wind wat die berg stukkend geruk en die rotse gebreek het voor die Here. Maar in die wind was die Here nie. Na die wind was daar 'n aardbewing. Maar in die aardbewing was die Here nie.
12. Na die aardbewing was daar 'n vuur. Maar in die vuur was die Here nie. En na die vuur was daar 'n fluistering in die windstilte.
13. Toe Elia dit hoor, het hy sy gesig met sy mantel toegemaak en by die bek van die grot gaan staan. Toe hoor hy 'n stem wat vir hom sê: "Wat maak jy hier, Elia?"
14. Hy het geantwoord: "Ek het my met hart en siel gewy aan u saak, Here, Almagtige God. Die Israeliete het die verbond met U verbreek. Hulle het u altare afgebreek en u profete doodgemaak. Net ek het oorgebly, en hulle soek my om my ook om die lewe te bring."
15. Maar die Here sê vir hom: "Draai in jou spore om na die Damaskuswoestyn toe, en as jy daar aangekom het, moet jy vir Gasael salf tot koning van Aram.

So paar weke gelede sit ek en'n groep van ons Tieners op 'n Sondagaand en gesels, en ek nooi hul uit om vir my enige vrae te vra wat hul wil. Een van die vrae wat toe meer as een keer voorgekom het, was die volgende:

- **<u>Hoe weet ek as God met my praat?</u>**

Goeie vraag… Baie goeie vraag.

En wonder, jy wat hier sit of inskakel**, hoe weet jy wanneer dit God is wat wel gesels**? Hoe weet jy dit is sy stem en nie jou eie stem nie? Hoe weet jy dit is **sy leiding en nie net toevallig nie**? Hoe weet jy dit is die Gees wat binne jou werk, en nie net een of ander sooibrand of rugpyn nie?

Ek dink 1 Konings 19 help ons op verskeie maniere om die vraag te antwoord:

Aan die einde van die vorige hoofstuk is Elia op 'n hoogtepunt**. 'n Bergtop. Die Here voorsien in Hoofstuk 18 met water en met reën**. En Elia is gelukkig, hy hoor God se stem baie duidelik en hy praat met die Here. Hy is as te ware besig met hierdie bergtop ervaring. Hoofstuk 18 is die mooi Sondag teks…

Maar dan is **hoofstuk 19 die Maandagoggend** teks

Want Elia hoor hier aan die begin nie God se stem nie, maar hy hoor deur **'n boodskapper Isebel se stem.** En soos ons almal baie stemme hoor, is daar altyd daardie stemme wat ons bang maak, want ons **wil laat vlug, of vries**… En toe **Elia dit hoor toe vat** hy die pad. En hy hardloop, hardloop na 'n plek waar dit stil is. En ek was hierdie week so bemoedig, om net weer te besef**, dat die karakters waarvan ons in die Bybel lees, is ook net mense. Hulle is nie perfek nie**, hulle het ook hulle foute. Selfs die helde het gesukkel.

Ons elkeen **het 'n skaduwee. Ons kan nie leef asof** ons nie 'n skadukant (donker kant) het nie. Die Bybel gee vir jou die beste en slegte van almal. Soos byvoorbeeld

- **Noag** wat net na die Ark wingerd plant, wyn maak en dronk word…
- **Abraham** wat sy eie vrou se eer op die spel plaas, net om homself te beskerm
- **Moses se humeur**. Moses wat 'n Egiptenaar doodgemaak het.
- Die Jaloesie van **Aäron,** wat maak dat hy 'n goue kalf maak.
- **Dawid** se wellus vir Batseba. Dit is nie sy vrou nie, maar hy kon homself nie help nie.
- **Jona** se ongehoorsaamheid. Hy weet waarnatoe hy moet gaan, maar hy kies op die ou end die ander rigting.
- **Petrus** se verloëning toe hy maak asof hy nie weet wie Jesus is nie.
- En selfs **Jesus in die tempel,** toe hy net nie meer kon staan ek toekyk wat die mense besig is om aan te vang met sy huis nie.

Hierdie mense het almal ongelooflike **bergtop oomblikke gehad**, maar ook baie lae oomblikke… Maar in elkeen van hierdie karakters het hulle nie ophou luister nie, hulle het nie ophou praat met die Here nie. Hulle het nie ophou soek na die wil van **God en die leiding** van God nie.

- Alhoewel hulle God nie altyd s**o hard en duidelik gehoor het nie, het hulle duidelik nie ophou luister na God nie....**

Elia, in hierdie hoofstuk doen dieselfde ding:

Nadat hy weghardloop en gaan wegkruip en vir die Here sê hy wens liewer hy gaan dood, **gaan lê hy onder die besembos en raak aan die slaap** en dit is dan wanneer God begin met Hom:

**V5-7;** Daar maak '**n Engel hom wakker en sê vir hom, word wakker, eet**! En dit gebeur twee keer. Die engel gee dan vir Elia water en **'n roosterkoek**. So ek wil glo, God is hier aan die praat, **God wat**

**praat deur die fisiese behoefte wat voorsien word**. Daarom bid ons wanneer ons eet**. God praat wanneer ons vir iemand iets gee of iets doen. God praat deur daardie boodskap, daardie kontant donasie, daardie oor wat luister, daardie beskuit wat opdaag**, God praat- deur die fisiese...

En dan vertrek Elia op 'n reis. **40 dae en nagte** in die woestyn tot by die berg van God. En hierdie 40 dae of nagte moet vir ons dadelik terugvat na Moses se uittog, sowel as Jesus wat ook later in die woestyn vir 40 dae en nagte met God geworstel het....

V8: God wat praat, al voel dit soos **40 dae en 40 nagte. Daar is verskillende seisoene. Seisoene van baie woord en seisoene van baie stilte**…

Elia kom dan by die berg aan en Hy ontmoet.

V9 - God wat vrae vra…Wat maak jy hier? Met die klem wat op elkeen van die bogenoemde woorde kan val. **WAT-MAAK- JY- HIER>…** Die uitnodiging om nadenkend te lewe… Hoe het ek in hierdie situasie beland. Hoekom het my **verhouding tot op hierdie punt** gekom.

V10- Elia se eerlikheid is die sleutel in sy verhoudings met God…. Hierdie **eerlikheid wat hy self by kere moet herhaal.**

**En die wonder van die verhaal is vir my persoonlik, dat tog na al die twyfel los God hom nie uit nie.**

Ons lees dan van die ontmoeting:

11. Maar die Here sê vir hom: "Kom uit, en gaan staan op die berg voor My, die Here, Ek wil verbygaan." Skielik was daar 'n baie sterk wind wat die berg stukkend geruk en die rotse gebreek het voor die Here. Maar in die wind was die Here nie. Na die wind was daar 'n aardbewing. Maar in die aardbewing was die Here nie.
12. Na die aardbewing was daar 'n vuur. Maar in die vuur was die Here nie. En na die vuur was daar 'n fluistering in die windstilte.
13. Toe Elia dit hoor, het hy sy gesig met sy mantel toegemaak en by die bek van die grot gaan staan. Toe hoor hy 'n stem wat vir hom sê: "Wat maak jy hier, Elia?"

V11- Ek wil jou verseker van my teenwoordigheid, dat jy nie alleen is nie.

God praat deur wat ons sien:

Wind (Gqeberha)

Aardbewing

Vuur

**Die fluistering in die windstilte**

**Sommige vertalings vertaal dit ook met daar was 'n sagte koelte, of daar was iets soos 'n stem wat fluister....**

**Iemand beskryf dit soos volg:** *God's presence is best conveyed in personal communication with his servants, not in some showy, spectacular display of power. The essence of God's nature is not power -- though God is fully capable of displaying overwhelming power. Rather, the essence of God is in his relationship and communication to the person.*

En toe Elia dit hoor, of dit **ervaar, of dit voel, toe weet Hy. Toe weet hy dit wat ek nou hoor kom nie vanuit myself nie, dit is iets groter as ek**... En toe kom hy in beweging:

Interessant dat wanneer God praat in die teks, dan nooi dit elke keer Elia **uit tot 'n aksie:**

Die engel sê: Word, Wakker, EET

Die Here sê: Kom uit, en gaan staan op die berg voor My

Die Here sê: "Draai in jou spore om na die Damaskus woestyn toe."

Wanneer God praat, dan is dit baie duidelik dat hy ons tot aksie wil oproep. **Hy gesels nie met ons om net noodwendig oor iets te dink nie, ma**ar hy gesels met die doel dat ons tot aksie sal oorgaan om te begin doen…

(Ek is weer terug by ons Groep Tieners se goeie vraag)

Hoe weet ek die Here praat met my:

Ek glo, ek gaan soos Elia, en soos die tieners in my lewe nog baie dit ontdek en herontdek oor hoe die Here met my praat…. Maar ek het hierdie week gehoor:

- God praat deur die **fisiese**. Deur daardie drukkie, daardie glimlag, daardie bemoediging
- Daar is altyd die klipharde- **Wat maak jy hier, saam met die sagte, en is lief vir jou**….
- God is 'n God wat praat, hy **praat in die natuur**…. Hy praat as die son opkom en as die son gaan sak. Hy praat deur die branders, deur die troeteldier, deur die plant, deur die reen….
- God praat **in ons gemoed**…
- God praat **deur sy woord.-** hou maar net aan lees.
- God praat **deur ander mense** (nie net deur Dominees)
- God praat, selfs al klink dit vir **ander doodstil**…

Die Here praat heeltyd, en eintlik gaan dit nie net oor wanneer God praat nie, maar liewer oor wanneer jy gereed/reg is.... Wanneer jy wag. Wanneer jy oop is.

Kom ons luister saam na Flam 68. Maak my nou stil Heer, ek wil na U luister, my hart vir U oopmaak, dat U my kan aanraak, open my oë, my hart en my hande, dat ek U leer ken Heer, en voor U kan lewe…

- Slotlied: F 68- Maak my nou stil Heer...

Gebed:

- Slotlied: L 519- wees stil en weet ek is die Heer.

- Seënbede:

Alternatiewe gebed:

*Dear God,*

*Speak gently in my silence.*
*When the loud outer noises of my surroundings*
*and the loud inner noises of my fears*
*keep pulling me away from you,*
*help me to trust that you are still there*
*even when I am unable to hear you.*
*Give me ears to listen to your small, soft voice saying:*
*"Come to me, you who are overburdened, and I will give you rest . . .*
*for I am gentle and humble of heart." Let that loving voice be my guide.*

*Amen.*